REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded • AVB uitgesluit)
Local **70c** Plaaslik
Other countries **R1,00** Buitelands
Post free • Posvry

Regulation Gazette
Regulasiekoerant
No. 4644

Registered at the Post Office as a Newspaper
As 'n Nuusblad by die Poskantoor geregistreer

Vol. 307 PRETORIA, 25 JANUARY JANUARIE 1991 No. 12992

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. R. 127 **25 January 1991**

EXAMINATION AND LICENSING OF COMPASS ADJUSTERS REGULATIONS, 1991

The Minister of Transport has, under section 356 (1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), made the regulations contained in the Schedule hereto.

SCHEDULE

ARRANGEMENT OF REGULATIONS

CHAPTER I

GENERAL

Regulation No.

1. Title of these regulations.
2. Definitions.
3. Application.
4. Places of examination.
5. Form of application for examinatioı
6. Physical disabilities.
7. Colour and form vision test.
8. Qualifications required for examination.

CHAPTER II

SUCCESS OR FAILURE IN EXAMINATION

9. Examination for a licence as a Compass Adjuster (Restricted).
10. Examination for a licence as a Compass Adjuster (Unrestricted).
11. Partial pass in the examination.
12. Time that must elapse between failure and re-examination.

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. 127 **25 Januarie 1991**

REGULASIES VIR DIE EKSAMINERING EN LISENSIËRING VAN KOMPASSTELLERS, 1991

Die Minister van Vervoer het, kragtens artikel 356 (1) van die Handelskeepsvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), die regulasies in die Bylae hiervan vervat, uitgevaardig.

BYLAE

ORDENING VAN REGULASIES

HOOFSTUK I

ALGEMEEN

Regulasie No.

1. Titel van hierdie regulasies.
2. Woordomskrywings.
3. Toepassing.
4. Plekke waar eksamen afgeneem word.
5. Aansoekvorm vir eksamen.
6. Liggaamlike ongeskikthede.
7. Kleur- en vormgesigstoetse.
8. Kwalifikasies vereis vir eksamen.

HOOFSTUK II

SLAGING OF DRUIPING IN EKSAMEN

9. Eksamen vir 'n Kompasstellerslisensie (Beperk).
10. Eksamen vir 'n Kompasstellerslisensie (Onbeperk).
11. Gedeeltelike slaging in die eksamen.
12. Tyd wat tussen druiping en hereksaminering moet verloop.

CHAPTER III

CONDUCT OF EXAMINATIONS

13. Candidates to be punctual.
14. No strangers admitted.
15. Loose papers and books.
16. Use of books and tables at the examination.
17. Use of instruments.
18. Unauthorised books and papers strictly forbidden.
19. Leaving the room.
20. Silence.
21. All work to be shown.
22. Penalty for misconduct.
23. Degree of precision required.
24. Oral examination.

CHAPTER IV

EXAMINATION FEES

25. When to pay fees.
26. Where to pay fees.
27. Table of fees.

CHAPTER V

ISSUE OF LICENCES

28. Results of examination.
29. Form of licence.
30. Issue of licence as a Compass Adjuster (Unrestricted).
31. Approved Compass Adjusters.

CHAPTER VI

SYLLABUSES

32. General.
33. Syllabus for the examination for a licence as a Compass Adjuster (Restricted).
34. Syllabus for the examination for a licence as a Compass Adjuster (Unrestricted).

ANNEXURES

Annexure I: Licence as a Compass Adjuster (Restricted).

Annexure II: Licence as a Compass Adjuster (Unrestricted).

CHAPTER I

GENERAL

TITLE OF THESE REGULATIONS

1. These regulations shall be called the Examination and Licensing of Compass Adjusters Regulations, 1991.

DEFINITIONS

2. In these regulations "the Act" shall mean the Merchant Shipping Act, 1951 (Act, No. 57 of 1951), and any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have the meaning so assigned to it.

APPLICATION

3. (1) Any person who adjusts the compass of any ship whose compass is required to be adjusted under the provisions of the Act shall be in possession of a valid licence issued in terms of these regulations.

HOOFSTUK III

AFNEEM VAN EKSAMENS

13. Kandidate moet stiptelik wees.
14. Geen vreemdelinge toegelaat nie.
15. Los papiere en boeke.
16. Gebruik van boeke en tafels in die eksamen.
17. Gebruik van instrumente.
18. Ongeoorloofde boeke en papiere streng verbode.
19. Verlaat van die kamer.
20. Stilte.
21. Alle werk moet getoon word.
22. Straf vir wangedrag.
23. Verlangde graad van akkuraatheid.
24. Mondelinge eksamen.

HOOFSTUK IV

EKSAMENGELDE

25. Wanneer eksamengeld betaal moet word.
26. Waar eksamengeld betaal moet word.
27. Tabel van eksamengelde.

HOOFSTUK V

UITREIKING VAN LISENSIES

28. Eksamenuitslae.
29. Vorm van lisensie.
30. Uitreiking van 'n Kompasstellerslisensie.
31. Goedgekeurde kompasstellers.

HOOFSTUK VI

SILLABUSSE

32. Algemeen.
33. Sillabus vir die eksamen vir 'n Kompasstellerslisensie (Beperk).
34. Sillabus vir die eksamen vir Kompasstellerslisensie (Onbeperk).

AANHANGSELS

Aanhangsel I: Kompasstellerslisensie (Beperk).

Aanhangsel II: Kompasstellerslisensie (Onbeperk).

HOOFSTUK I

ALGEMEEN

TITEL VAN HIERDIE REGULASIES

1. Hierdie regulasies heet die Regulasies vir die Eksaminering en Lisensiëring van Kompasstellers, 1991.

WOORDOMSKRYWING

2. In hierdie regulasies beteken "die Wet" die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), en het enige woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg.

TOEPASSING

3. (1) Enige persoon wat die kompas stel van enige skip waarvan die kompas gestel moet word kragtens die bepalings van die Wet, moet in besit wees van 'n geldige lisensie uitgereik kragtens hierdie regulasies.

(2) There shall be two grades of licences issued following the appropriate examination, viz:

(a) Licence as a Compass Adjuster (Restricted), and

(b) Licence as a Compass Adjuster (Unrestricted).

(3) The holder of a licence as a Compass Adjuster (Restricted) is approved to adjust the compasses of vessels having the hull or superstructure constructed of non-ferrous material, or of vessels having the hull or superstructure constructed of ferrous materials and engaged in voyages having a change in magnetic latitude of less than 10 degrees.

(4) The holder of a licence as a Compass Adjuster (Unrestricted) is approved to adjust the compasses of any vessel engaged in voyages of any description.

PLACES OF EXAMINATION

4. Examinations for a licence shall be held in Cape Town and Durban at such times as may be determined by the proper officer.

FORM AND DATE OF APPLICATION FOR EXAMINATION

5. A candidate for examination for a licence shall apply on the form approved by the Director-General and shall cause it to reach the examiner at the port at which he wishes to be examined at least 14 days before the date on which he wishes to be examined.

PHYSICAL DISABILITIES

6. If during the progress of the examination the examiner finds that a candidate for examination for a licence suffers from any physical or mental infirmity such as to render him incompetent to perform the work of a Compass Adjuster, he shall, if the candidate so desires, allow him to complete the examination and shall report the matter to the Director-General for such action as he may deem necessary.

COLOUR AND FORM VISION TEST

7. (1) A candidate for examination for a licence shall be required to pass a colour and form vision test, similar to that described in the Examination Regulations for Certificates of Competency for Deck Officers 1985, published by Government Notice No. R. 2656 of 29 November 1985, unless he is in possession of a certificate of pass in such a test issued not more than six months prior to the date of the examination applied for.

(2) The standard required in the test referred to in subregulation (1) shall be a pass in the colour lantern test and in the letter test. A candidate who uses aids to vision shall be required to read correctly four of the five letters in the fifth line without such aids and to read correctly the seventh line with such aids. Should the candidate not wear aids to vision, he shall be required to read correctly five of the six letters in the sixth line and four of the seven letters in the seventh line.

QUALIFICATIONS REQUIRED FOR EXAMINATION

8. (1) A candidate shall hold either a valid certificate of competency as a Deck Officer Class I Master Mariner or a certificate recognised by the Minister as being the equivalent thereof in order to gain admission to the written and oral parts of the examination.

(2) Daar word twee grade van lisensies uitgereik na die toepaslike eksamen, naamlik:

(a) Kompasstellerslisensie (Beperk), en

(b) Kompasstellerslisensie (Onbeperk).

(3) Die houer van 'n Kompasstellerslisensie (Beperk) is goedgekeur om die kompasse te stel van vaartuie waarvan die romp of bobou van nie-ferromateriaal gekonstrueer is, of van vaartuie waarvan die romp of bobou van ferromateriale gekonstrueer is wat seereise met 'n verandering in magnetiese breedtegraad van minder as 10 grade onderneem.

(4) Die houer van 'n Kompasstellerslisensie (Onbeperk) is goedgekeur om die kompasse te stel van 'n vaartuig wat enige seereis hoegenaamd onderneem.

PLEKKE WAAR EKSAMEN AFGENEEM WORD

4. Eksamens vir 'n lisensie word afgeneem in Kaapstad en Durban op sodanige tye as wat die bevoegde beampte bepaal.

AANSOEKVORM EN -DATUM VIR EKSAMEN

5. 'n Eksamenkandidaat vir 'n lisensie moet op die vorm deur die Direkteur-generaal goedgekeur, aansoek doen en toesien dat dit die eksaminator bereik by die hawe waar hy geëksamineer wil word.

LIGGAAMLIKE ONGESKIKTHEID

6. Indien die eksaminator in die loop van die eksamen vind dat 'n eksamenkandidaat vir 'n lisensie aan enige liggaamlike of geestelike swakheid ly wat sodanig is dat dit hom onbekwaam maak om die werk van 'n kompassteller te verrig, moet hy die kandidaat, indien die kandidaat dit verlang, toelaat om die eksamen te voltooi en moet hy die saak aan die Direkteur-generaal rapporteer met die oog op sodanige stappe as wat laasgenoemde nodig ag.

KLEUR- EN VORMGESIGSTOETSE

7. (1) 'n Eksamenkandidaat vir 'n lisensie moet 'n kleur- en vormgesigstoets slaag soos dié beskryf in die Eksamenregulasies vir Bekwaamheidsertifikate vir Dekoffisiere, 1985, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 2656 van 29 November 1985, tensy hy in besit is van 'n slaagsertifikaat ten opsigte van so 'n toets wat hoogstens ses maande voor die datum van die eksamen waarvoor aansoek gedoen word, uitgereik is.

(2) Die verlangde standaard in die toets in subregulasie (1) bedoel, is 'n slaagsyfer in die kleurlanterntoets en die lettertoets. 'n Kandidaat wat sighulpmiddels gebruik, moet vier van die vyf letters in die vyfde reël sonder sodanige hulpmiddels korrek aflees en moet die sewende reël met sodanige hulpmiddels korrek aflees. Indien die kandidaat nie sighulpmiddels gebruik nie, moet hy vyf van die ses letters in die sesde reël en vier van die sewe letters in sewende reël korrek aflees.

KWALIFIKASIES VEREIS VIR EKSAMEN

8. (1) 'n Kandidaat moet die houer wees van òf 'n geldige Bekwaamheidsertifikaat (Dekoffisier) Bevare Seekaptein Klas 1, òf 'n sertifikaat deur die Minister erken as die ekwivalent daarvan, ten einde toelating te verkry tot die skriftelike en mondelinge dele van die eksamen.

(2) A candidate who is in possesion of a certificate of competency as a Master (special grade), or a certificate recognised by the Minister as being the equivalent thereof, shall be exempted from the whole of the examination as a Compass Adjuster (Restricted) and from the written and oral parts of the examination as a Compass Adjuster (Unrestricted).

CHAPTER II

SUCCESS OR FAILURE IN EXAMINATION

EXAMINATION FOR A LICENCE AS A COMPASS ADJUSTER (RESTRICTED)

9. The examination for a licence as a Compass Adjuster (Restricted) consists of an oral examination with reference to the standard examination compass binnacle and equipment. The candidate shall satisfy the examiner that he has a full knowledge of the syllabus pertaining to the examination.

EXAMINATION FOR A LICENCE AS A COMPASS ADJUSTER (UNRESTRICTED)

10. (1) The examination for a licence as a Compass Adjuster (Unrestricted) is divided into three parts, namely written, oral and practical, to be conducted in that order.

(2) To secure a pass in the written part of the examination, a candidate shall be required to obtain 70% of the total marks allocated to each of two written papers.

(3) The oral part of the examination shall follow the written part and shall be conducted by the examiner at a time to be determined by him. The candidate shall satisfy the examiner that he has a full knowledge of the syllabus pertaining to the oral part of the examination.

(4) (i) In the practical part of the examination, the candidate shall demonstrate his ability to adjust a ship's compass to the satisfaction of the examiner. Such compass shall be the standard magnetic compass of a ship approved by the examiner prior to the demonstration.

(ii) Only those candidates who have passed both the written and oral parts of the examination will be eligible for the practical part of the examination.

PARTIAL PASS IN THE EXAMINATION

11. A pass in the written or oral part of the examination, where applicable, shall remain valid for a period of six months.

TIME THAT MUST ELAPSE BETWEEN FAILURE AND RE-EXAMINATION

12. The examiner may determine in his discretion that a period of not less than one month nor more than three months shall elapse before a candidate who has failed the written, oral or practical parts of the examination is re-examined.

CHAPTER III

CONDUCT OF EXAMINATIONS

CANDIDATES TO BE PUNCTUAL

13. A candidate shall appear at the examination room punctually at the time appointed by the examiner.

(2) 'n Kandidaat wat in besit is van 'n Bekwaamheidsertifikaat Gesagvoerder (Spesiale Graad) of 'n sertifikaat deur die Minister erken as die ekwivalent daarvan, is vrygestel van die volle eksamen vir 'n Kompassteller (Beperk) en van die skriftelike en mondelinge dele van die eksamen vir 'n Kompassteller (Onbeperk).

HOOFSTUK II

SLAGING OF DRUIPING IN DIE EKSAMEN

EKSAMEN VIR 'N KOMPASSTELLERSLISENSIE (BEPERK)

9. Die eksamen vir 'n Kompasstellerslisensie (Beperk) bestaan uit 'n mondelinge eksamen met betrekking tot die standaardeksamenkompashuis en -toerusting. Die kandidaat moet die eksaminator tevrede stel dat hy 'n volledige kennis het van die sillabus wat betrekking het op die eksamen.

EKSAMEN VIR 'N KOMPASSTELLERSLISENSIE (ONBEPERK)

10. (1) Die eksamen vir 'n Kompasstellerslisensie (Onbeperk) word in drie dele verdeel, naamlik skriftelik, mondeling en praktiese, wat in dié volgorde afgeneem word.

(2) Ten einde in die skriftelike deel van die eksamen te slaag, moet 'n kandidaat 70% van die totale puntetal toegewys aan elk van die twee skriftelike vraestelle, behaal.

(3) Die mondelinge eksamen volg op die skriftelike deel en word afgeneem deur die eksaminator op 'n tyd deur hom bepaal. Die kandidaat moet die eksaminator tevrede stel dat hy 'n volledige kennis het van die sillabus wat betrekking het op die mondelinge deel van die eksamen.

(4) (i) In die praktiese deel van die eksamen moet die kandidaat sy vermoë demonstreer om 'n skip se kompas tot tevredenheid van die eksaminator te stel Sodanige kompas moet die standaard meganisme skeepskompas wees wat voor die demonstrasie goed gekeur is deur die eksaminator.

(ii) Slegs die kandidate wat in sowel die skriftelike a die mondelinge deel van die eksamen geslaag het, kom in aanmerking vir die praktiese deel van die eksamen.

GEDEELTELIKE SLAGING IN DIE EKSAMEN

11. Slaging in die skriftelike of mondelinge deel van die eksamen is, waar van toepassing, geldig vir 'n tydperk van ses maande.

TYD WAT TUSSEN DRUIPING EN HEREKSAMINERING MOET VERLOOP

12. Die eksaminator kan na goeddunke bepaal dat 'n tydperk van minstens een maand en hoogstens drie maande moet verloop voordat 'n kandidaat wat in die geskrewe, mondelinge of praktiese deel van die eksamen gedruip het, hereksamineer word.

HOOFSTUK III

AFNEEM VAN EKSAMENS

KANDIDATE MOET STIPTELIK WEES

13. n Kandidaat moet stiptelik op die tyd deur die eksaminator bepaal, by die eksamenkamer wees.

NO STRANGERS ADMITTED

14. No person other than a person whose duties require him to be present shall be allowed in the room during examination. No instructor shall be allowed on the premises while an examination is in progress.

LOOSE PAPERS AND BOOKS

15. Before the examinations begins, the tables or desks shall be cleared of all scraps of paper and books other than those permitted in the examination room in terms of these regulations.

USE OF BOOKS AND TABLES AT THE EXAMINATIONS

16. (1) The following tables and books may be supplied by the examiner in the examination room—

(a) Nautical Tables (Norie's or Burton's); and

(b) Abridged Nautical Almanac.

(2) A candidate who wishes to use tables other than the above may bring such tables into the examination room on condition that he submits them to the examiner for scrutiny and approval before the examination begins.

USE OF INSTRUMENTS

17. (1) All instruments necessary for use in the examination shall be supplied by the examiner, but a candidate may use his own drawing instruments, slide-rule and calculating instrument, provided that the examiner's approval is obtained before the examination begins. If a slide-rule or calculating instrument is used, a note to this effect shall be entered on the candidate's answer sheet.

(2) A candidate who uses a slide-rule or a calculating instrument for his calculations shall show in ink on the answer sheet the full working statement necessary for arriving at the results. If such statement is not so shown, no marks shall be given in respect of the results concerned.

UNAUTHORISED BOOKS AND PAPERS STRICTLY FORBIDDEN

18. A candidate undertaking the written part of examination shall not have any books, notes, memoranda or papers with him other than those supplied for use at the examination and, if a candidate has brought any books, notes, memoranda or papers with him, he shall hand them to the examiner before commencing the examination.

LEAVING THE ROOM

19. A candidate shall not, without the permission of the examiner, leave his seat or the examination room, and if he leaves the room he shall hand to the examiner the examination script and question paper on which he is engaged, and upon his return to the room he shall not, without the permission of the examiner, go on with any paper or problem on which he was engaged.

GEEN VREEMDELINGE TOEGELAAT NIE

14. Afgesien van iemand wie se pligte dit van hom vereis om aanwesig te wees, word niemand gedurende die eksamen in die kamer toegelaat nie. Geen instrukteur word gedurende die eksamen op die perseel toegelaat nie.

LOS PAPIERE EN BOEKE

15. Voordat die eksamen 'n aanvang neem, moet alle stukkies papier en boeke behalwe dié kragtens hierdie regulasies in die eksamenkamer toegelaat van die tafels of lessenaars verwyder word

GEBRUIK VAN BOEKE EN TAFELS IN DIE EKSAMEN

16. (1) Die volgende tafels en boeke kan deur die eksaminator in die eksamenkamer verskaf word:

(a) Seevaarttafels (Norie of die van Burton): en

(b) Abridged Nautical Almanac.

(2) 'n Kandidaat wat ander tafels wil gebruik as dié wat hierbo genoem is, kan sodanige tafels in die eksamenkamer inbring op voorwaarde dat hy hulle voor die aanvang van die eksamen vir besigtiging en goedkeuring aan die eksaminator toon.

GEBRUIK VAN INSTRUMENTE

17. (1) Alle instrumente wat vir gebruik in die eksamen nodig is, moet deur die eksaminator verskaf word, maar 'n kandidaat kan toegelaat word om sy eie tekeninstrumente, rekenliniaal en rekentoestel te gebruik mits die eksaminator se goedkeuring voor die eksamen verkry word. As 'n rekenliniaal of rekentoestel gebruik word, moet 'n aantekening te dien effekte op die kandidaat se eksamenskrifte aangebring word.

(2) 'n Kandidaat wat vir sy berekenings gebruik maak, van 'n rekenliniaal of 'n rekentoestel moet die volledige stappe wat nodig is om die resultate te verkry, in ink in die eksamenskrif uiteensit. Indien die stappe nie aldus uiteengesit is nie, word geen punte ten opsigte van die betrokke resultate toegeken nie.

ONGEOORLOOFDE BOEKE EN PAPIERE STRENG VERBODE

18. 'n Kandidaat wat die skriftelike deel van die eksamen aflê, mag geen ander boeke, aantekeninge, memorandums of papiere by hom hê as die wat vir gebruik in die eksamen verskaf is nie en indien 'n kandidaat wel boeke, aantekeninge, memorandums of papiere met hom saamgebring het, moet by hulle aan die eksaminator oorhandig voordat hy met die eksamen begin.

VERLAAT VAN DIE KAMER

19. 'n Kandidaat mag nie sonder die toestemming van die eksaminator sy sitplek of die eksamenkamer verlaat nie, en indien hy die kamer verlaat, moet hy sy eksamenskrif en vraestel waarmee hy besig is, aan die eksaminator oorhandig en by sy terugkeer na die kamer mag hy nie sonder die toestemming van die eksaminator voortgaan met enige vraestel of probleem waarmee hy besig was nie.

SILENCE

20. Silence shall be kept in the examination room while a written examination is in progress.

ALL WORK TO BE SHOWN

21. (1) A candidate for the written part of the examination shall work or write only on one side of the paper and shall write his answers in a clear and legible hand and shall sign his name at the foot of each page.

(2) A candidate shall not work out his problems on waste paper, nor write on the blotting paper supplied for his use in the examination.

(3) All work other than sketching and drawing shall be done in ink.

(4) A contravention of the provisions of this regulation may involve the loss of marks.

PENALTY FOR MISCONDUCT

22. A candidate undertaking the written part of the examination who refers to any unauthorised books or papers, or copies from another person or affords any assistance or gives any information to another person, or communicates in any way with another person during the time of examination, or copies any part of the problems for the purpose of taking them out of the examination room shall be regarded as having failed the examination and shall not be accepted for re-examination for a period of six months. A candidate guilty of a second offence shall not be allowed to be examined until 12 months have elapsed after such second offence. Each offence shall be reported to the Director-General by the examiner.

DEGREE OF PRECISION REQUIRED

23. (1) In the calculation of compass errors or deviations, the candidate is required to work to 0,2 of a degree of arc.

(2) In the calculation of the position of the correctors, it shall be sufficient it the candidate's solution is within 5 nm of a precise result.

(3) In any other calculation, it shall be sufficient if the candidate's solution is within 0,2 of the basic unit in the precise result.

(4) In the oral and practical part of the examination, residual deviations should not be in excess of 3 degrees.

ORAL EXAMINATION

24. (1) A candidate for a licence as a Compass Adjuster (Unrestricted) shall not proceed to the oral examination if he has failed the written part of the examination.

(2) A candidate who does not report for the oral examination at the time appointed shall, unless he produces a medical certificate or other satisfactory evidence of his inability to attend, be regarded as having failed the oral examination and may also, depending upon the circumstances, incur the penalty of being regarded as having failed the written examination.

STILTE

20. Stilte moet in die eksamenkamer gehandhaaf word terwyl 'n skriftelike eksamen aan die gang is.

ALLE WERK MOET GETOON WORD

21. (1) 'n Kandidaat vir die skriftelike deel van die eksamen moet slegs op die een kant van die papier werk of skryf en moet sy antwoorde in 'n duidelike en leesbare handskrif skryf en moet sy naam onder aan elke bladsy teken.

(2) 'n Kandidaat mag nie sy probleme op skeurpapier uitwerk of op die vloeipapier wat vir sy gebruik in die eksamen verskaf word, skryf nie.

(3) Alle werke, behalwe sketse en tekeninge, moet in ink gedoen word.

(4) 'n Oortreding van die bepalings van hierdie regulasie kan 'n verbeuring van punte tot gevolg hê.

STRAF VIR WANGEDRAG

22. 'n Kandidaat wat die skriftelike deel van die eksamen aflê wat enige ongeoorloofde boeke of papiere raadpleeg, of van iemand anders afskryf, of aan iemand anders hulp verleen of enige inligting verstrek, of gedurende die eksamen op enige wyse met 'n ander persoon in verbinding tree, of enige deel van die antwoorde afskryf met die doel om hulle uit die eksamenkamer te neem, word geag in die eksamen te gedruip het en mag vir 'n tydperk van ses maande nie vir hereksamen aanvaar word nie. 'n Kandidaat wat skuldig is aan 'n tweede oortreding, mag nie toegelaat word om die eksamen te doen voordat 12 maande na sodanige oortreding verloop het nie. Elke oortreding moet deur die eksaminator aan die Direkteur-generaal gerapporteer word.

VERLANGDE GRAAD VAN AKKURAATHEID

23. (1) By die berekening van kompasfoute of -afwykings word daar van die kandidate verwag om dit to' 0,2 van 'n booggraad te doen.

(2) By die berekening van die posisie van die stelmagnete is dit voldoende indien die kandidaat se oplossing binne 5 nm van die presiese antwoord is.

(3) By enige ander berekening is dit voldoende indien die kandidaat se oplossing binne 0,2 van die basiese eenheid in die presiese antwoord is.

(4) In die mondelinge en praktiese deel van die eksamen mag die nadeviasies nie 3 grade oorskry nie.

MONDELINGE EKSAMEN

24. (1) 'n Kandidaat vir 'n Kompasstellerslisensie (Onbeperk) word nie tot die mondelinge eksamen toegelaat indien hy die skriftelike deel van die eksamen gedruip het nie.

(2) 'n Kandidaat wat hom nie op die bepaalde tyd vir die mondelinge eksamen aanmeld nie, word, tensy hy 'n mediese sertifikaat of ander bevredigende bewys lewer dat hy nie in staat was om die eksamen by te woon toon, geag te gedruip het in die mondelinge eksamen en kan ook, na gelang van die omstandighede, die straf oploop dat hy geag word in die skriftelike eksamen te gedruip het.

CHAPTER IV

EXAMINATION FEES

WHEN TO PAY FEES

25. A candidate for an examination for a licence shall pay the examination fee prior to the date of the examination and no candidate shall be allowed to sit for the examination unless he produces to the examiner the receipt for the fee paid.

WHERE TO PAY FEES

26. The fee for examination shall be paid to the proper officer who shall issue a receipt stating—

(a) the names of the candidate;

(b) the grade of the examination; and

(c) the amount paid.

TABLE OF FEES

27. The fees payable for examination shall be as follows:

(a)	For the examination for a licence as a Compass Adjuster (Restricted)	R50
(b)	For the examination for a licence as a Compass Adjuster (Unrestricted)	R50
(c)	For the written and oral parts of the examination if attempted concurrently	R50
(d)	For the practical part of the examination	R25
(e)	For re-examination in the oral examination	R50

CHAPTER V

ISSUE OF LICENCES

RESULTS OF EXAMINATION

28. The results of the examination or, where applicable, each part of the examination, shall be conveyed to the candidate on a form approved by the Director-General.

FORM OF LICENCE

29. Every licence as a Compass Adjuster (Restricted) shall be in the form as set out in Annexure I and every licence as a Compass Adjuster (Unrestricted) shall be in the form as set out in Annexure II.

ISSUE OF LICENCE AS COMPASS ADJUSTER

30. (1) A candidate for a licence as a Compass Adjuster (Restricted) who has passed the oral examination as required by regulation 9 shall be issued with a licence as a Compass Adjuster (Restricted).

(2) A candidate for a licence as a Compass Adjuster (Unrestricted) who has passed the written and oral parts of the examination and who passes the practical examination within six months from the date of the written examination, shall be issued with a licence as a Compass Adjuster (Unrestricted).

APPROVED COMPASS ADJUSTERS

31. An applicant for a licence as a Compass Adjuster whom the Director-General has, prior to the commencement of these regulations, approved as competent to adjust the compasses of ships shall not be required to pass any part of the examination: Provided that he satisfies the Director-General that he has been actively engaged in compass adjusting since such approval.

HOOFSTUK IV

EKSAMENGELDE

WANNEER EKSAMENGELD BETAAL MOET WORD

25. 'n Kandidaat wat die eksamen vir 'n lisensie wil aflê, moet die eksamengeld voor die datum van die eksamen betaal en geen kandidaat mag toegelaat word om die eksamen af te lê nie tensy hy die kwitansie vir die eksamengeld aan die eksaminator toon.

WAAR DIE EKSAMENGELD BETAAL MOET WORD

26. Die eksamengeld moet aan die bevoegde beampte betaal word, wat 'n kwitansie moet uitreik waarop vermeld word—

(a) die naam van die kandidaat;

(b) die graad van die eksamen; en

(c) die betaalde bedrag.

TABEL VAN EKSAMENGELDE

27. Die betaalbare eksamengelde is soos volg:

(a)	Vir die eksamen vir 'n Kompasstellerslisensie (Beperk)	R50
(b)	Vir die eksamen vir 'n Kompasstellerslisensie (Onbeperk)	R50
(c)	Vir die skriftelike en die mondelinge deel van die eksamen, indien gelyktydig afgelê	R50
(d)	Vir die praktiese deel van die eksamen	R25
(e)	Vir hereksaminering in die mondelinge eksamen	R50

HOOFSTUK V

UITREIKING VAN LISENSIES

EKSAMENUITSLAE

28. Die uitslag van die eksamen of, waar van toepassing, elke deel van die eksamen, moet op 'n vorm goedgekeur deur die Direkteur-generaal, aan die kandidaat meegedeel word.

VORM VAN LISENSIE

29. Elke Kompasstellerslisensie (Beperk) moet in die vorm wees in Aanhangsel I uiteengesit, en elke Kompasstellerslisensie (Onbeperk) moet in die vorm wees in Aanhangsel II uiteengesit.

UITREIKING VAN 'N LISENSIE KOMPASSTELLER

30. (1) Aan 'n kandidaat vir 'n Kompasstellerslisensie (Beperk) wat in die mondelige eksamen geslaag het soos by regulasie 9 vereis, moet 'n Kompasstellerslisensie (Beperk) uitgereik word.

(2) Aan 'n kandidaat vir 'n Kompasstellerslisensie (Onbeperk) wat in die skriftelike en mondelinge dele van die eksamen geslaag het en wat die praktiese eksamen slaag binne ses maande vanaf die datum van die skriftelike eksamen, moet 'n Kompasstellerslisensie (Onbeperk) uitgereik word.

GOEDGEKEURDE KOMPASSTELLERS

31. 'n Applikant vir 'n Kompasstellerslisensie wat voor die inwerkingtreding van hierdie regulasie deur die Direkteur-generaal goedgekeur is as bevoeg om die kompasse van skepe te stel, hoef nie in enige deel van die eksamen te slaag nie: Met dien verstande dat hy die Direkteur-generaal tevrede stel dat hy sedert sodanige goedkeuring aktief betrokke was by kompasstelling.

CHAPTER VI

SYLLABUSES

GENERAL

32. In the written part of the examination for a licence as Compass Adjuster (Unrestricted), questions may be set combining one or more paragraphs of the syllabus.

SYLLABUS FOR THE EXAMINATION FOR A LICENCE AS A COMPASS ADJUSTER (RESTRICTED)

33. Oral examination with reference to the standard examination compass binnacle and equipment, in the following aspects of adjusting:

(a) Types of compasses on the vessels concerned;

(b) specification of card and liquid;

(c) testing for mechanical deficiencies and topping up;

(d) accessories and equipment—test for faults and alignment;

(e) correctors—test for permanent magnetism;

(f) function of correctors;

(g) siting of correctors;

(h) sequence of placing correctors;

(i) methods of determining deviations, with particular reference to types of vessels concerned;

(j) dealing with interfering fields caused other than by hard iron and soft iron effects;

(k) safety of navigation requirements relating to compasses and compass equipment;

(l) modus operandi of adjustment;

(m) residual deviations—factors to be taken into account when determining whether further adjustment should be contemplated.

SYLLABUS FOR THE EXAMINATION FOR A LICENCE AS A COMPASS ADJUSTER (UNRESTRICTED)

34. (1) **Paper 1 (two hours written)**

(a) *Properties of magnets:* Meaning of terms "Hard" and "Soft" iron, magnetic induction and permeability.

Effects of magnets on a compass needle under varying conditions. Knowledge of fields of magnets. Disturbing and restoring couples, position of equilibrium. Molecular theory of magnetism. Magnetic effects of electrical currents.

(b) *Terrestrial magnetism:* Variation, dip, total force, horizontal force, vertical force, local attraction: Their varying strengths in different parts of the globe and their various effects on deviation.

(c) *Ship's magnetism:* Effects of permanent and induced magnetism. Components P, Q and R; the rods a, b, c, d, e, f, g, h and k. Sub-permanent magnetism and its effects at sea.

HOOFSTUK VI

SILLABUSSE

ALGEMEEN

32. In die skriftelike deel van die eksamen vir 'n Kompasstellerslisensie (Onbeperk) kan vrae gestel word wat een of meer paragrawe van die sillabus kombineer.

SILLABUS VIR DIE EKSAMEN VIR 'N KOMPASSTELLERSLISENSIE (BEPERK)

33. *Mondelinge eksamen met verwysing na die* standaardeksamenkompashuis en -toerusting, oor die volgende aspekte van kompasstelling:

(a) Tipes kompasse op die betrokke vaartuie;

(b) spesifikasies van roos en vloeistof;

(c) toetsing vir meganiese gebreke en byvulling;

(d) bybehore en toerusting—toets vir foute en instelling;

(e) stelmagnete—toets vir permanente magnetisme;

(f) funksie van stelmagnete;

(g) plasing van stelmagnete;

(h) volgorde van plasing van stelmagnete;

(i) metodes om afwykings te bepaal, met besonderhede verwysing na die tipes vaartuie wat betrokke is;

(j) hantering van steuringsvelde wat op ander wyse as deur die uitwerking van harde en sagte yster veroorsaak word;

(k) vereistes met betrekking tot veiligheid en *navigasie ten opsigte van kompasse en kompas*toerusting;

(l) modus operandi van kompasstelling;

(m) nadeviasies—faktore wat in ag geneem moet word wanneer bepaal word of verdere kompasstelling oorweeg moet word.

SILLABUS VIR DIE EKSAMEN VIR 'N KOMPASSTELLERSLISENSIE (ONBEPERK)

34. (1) **Vraestel 1 (twee uur skriftelik)**

(a) *Eienskappe van magnete:* Betekenis van die terme "harde" en "sagte" yster, magnetiese induksie en permeabiliteit.

Uitwerking van magnete op 'n kompasnaald in verskillende omstandighede. Kennis van magneetvelde. Versteuring en herstel van koppels, *posisie van ekwilibrium. Molekulêre teorie* van magnetisme. Magnetiese uitwerking van elektriese strome.

(b) *Aardmagnetisme:* Variasie, duiking, totale krag, horisontale krag, vertikale krag, plaaslike aantrekking: Die wisselende sterkte daarvan op verskillende plekke op die aardbol en hulle onderskeie uitwerkings op deviasie.

(c) *Skeepsmagnetisme:* Uitwerking van permanente en geïnduseerde magnetisme. Komponente P, Q en R; die stawe a, b, c, d, e, f, g, h en k. Subpermanente magnetisme en die uitwerking daarvan ter see.

(d) *Compass design:* General principles, with special reference to the following:

(i) Size and relative positions of compass needles;

(ii) location of soft iron correctors and permanent magnets, with reference to each other and to the compass needles, with due regard to standard binnacles of all types, overhead compasses and pole compasses, and the probable effects if conventional limits are not complied with;

(iii) relative position of lubber mark, card, pivot and gimbal axes; and

(iv) types of quadrantal correctors used in South Africa and on foreign ships—their advantages and disadvantages.

(e) *The siting and lining up of compasses* with due regard to the proximity of magnetic material, electrical devices and other disturbing influences. Magnetic screening. Meaning of λ (lambda), μ (mu) and ship's multiplier. How to find and use these quantities.

(2) **Paper 2 (three hours written)**

(a) *Compass compensations:* Various methods of swinging ship to obtain a deviation table. Construction of a curve of deviations and its practical use in coefficient analysis. Constant, semi-circular and quadrantal deviation. Analysis of the deviation book of a foreign-going ship to determine causes of irregular deviations and suggest measures for their removal. Analysis of a table of deviation, obtaining and explaining the approximate coefficients A, B, C, D and E.

(b) General principles of compass correction and methods of finding and compensating for A, B, C, D, E types of deviation. The relation of the components P, Q and R and the rods including calculations a, b, c, d, e, f, g, h and k to the various coefficients and to heeling error.

(c) Compensation by use of the Kelvin deflector. Principle of the deflector method and information which can be deduced from the readings. Limits of accuracy of results obtained. Rules to be followed with regard to the placing of correctors. Questions on "wiping" and degaussing so far as they effect magnetic compasses.

(3) **Oral examination, in which—**

(a) candidates will be required to demonstrate on a deviascope or compass binnacle the principle of compass adjustment. They will be required to adjust a dry compass or a spirit compass using the vertical force instrument in the correction of heeling error. They will be required to have a thorough knowledge of the methods of detecting faults in instruments, such as sagged needles, cracked

(d) *Kompasontwerp:* Algemene beginsels, met spesiale verwysing na die volgende:

(i) Grootte en relatiewe posisies van kompasnaalde;

(ii) Plasing van sagteysterstelmagnete en permanente magnete, met verwysing na mekaar en na die kompasnaalde, met besondere aandag aan standaardkompashuise van alle tipes, oorhoofse kompasse en poolkompasse, en die waarskynlike uitwerking indien daar nie binne die konvensionele grense gehou word nie.

(iii) relatiewe posisie van nulpuntmerk, roos, spil en -beuelasse; en

(iv) tipes kwadrantstelmagnete gebruik in Suid-Afrika en op vreemde skepe—hulle voordele en nadele.

(e) *Die plasing en instel van kompasse* met behoorlike inagneming van die nabyheid van magnetiese materiaal, elektriese toerusting en ander steurende invloede. Magnetiese afskerming. Betekenis van λ (lambda), μ (mu) en die skip se vermenigvuldiger. Hoe om dié hoeveelhede te vind en te gebruik.

(2) **Vraestel 2 (drie uur skriftelik)**

(a) *Kompaskompensasies:* Verskillende metodes om die skip te swaai om 'n deviasietabel te verkry. Konstruksie van 'n deviasiekromme en die praktiese gebruik daarvan in koëffisiëntanalise. Konstante, semi-sirkulêre en kwadrantdeviasie. Analise van die deviasieboek van 'n skip op vreemde vaart om die oorsake van onreëlmatige deviasie te bepaal en maatreëls vir die uitskakeling daarvan voor te stel. Analise van deviasietabel, verkryging en verduideliking van die benaderde koëffisiënte A, B, C, D en E.

(b) Algemene beginsels van kompaskorreksie en metodes om A-, B-, C-, D-, en E-tipe afwykings te vind en daarvoor te kompenseer. Die verhouding van die komponente P, Q en R en die stawe, met inbegrip van berekeninge a, b, c, d, e, f, g, h en k, tot die onderskeie koëffisiënte en tot hellingsfout.

(c) Kompensasie deur gebruik van die Kelvindeflektor. Beginsel van die deflektormetode en inligting wat van die lesings afgelei kan word. Grense van akkuraatheid van verkreë resultate. Reëls wat gevolg moet word met betrekking tot die plasing van stelmagnete. Vrae oor dowing en degaussering in soverre hulle magnetiese kompasse beinvloed.

(3) **Mondelinge eksamen, waarin—**

(a) kandidate op 'n deviaskoop of kompashuis die beginsel van kompasstelling sal moet demonstreer. Hulle sal 'n droë kompas of 'n vloeistofkompas moet stel deur die gebruik van die vertikale kraginstrument by die korreksie van die hellingsfout. Hulle sal 'n deeglike kennis moet hê van die metodes om foute in instrumente op te spoor, soos gebuigde naalde, gekraakte saffiere, gebuigde of beskadigde spille, hare op die kant

sapphires, bent or damaged pivots, hairs on edge of dry card, faulty binnacles, spheres too high or too low, Flinders bar wrong height, bowls not free in gimbals, faulty heeling error conditions, and how such faults should be dealt with;

(b) candidates must be able to demonstrate how a mass of soft iron would be magnetised while lying in the earth's magnetic field in different parts of the world or while under the influence of permanent magnets;

(c) candidates will be required to have a knowledge of the different methods of taking bearings and of using and testing a pelorus and an azimuth mirror;

(d) practical tests may also be required on matters such as safe distances of equipment in the vicinity of the compass, e.g. electric helm indicators, loud hailers, steel tanks and electrical earth; the use of the Kelvin deflector in compass adjustment; the use of the oscillating magnetometer to find 2 λ (lambda); the relation between a master (or pilot) and the adjuster;

(e) the examiner may ask any other questions he considers necessary arising out of the written part of the examination.

(4) **In the practical part of the examination the candidate will be required to—**

(a) perform the adjustment of a ship's magnetic compass in the presence of the examiner who will monitor the method of adjustment used and the accuracy of the results (Note: the candidate may seek the assistance of the examiner in arranging for a suitable ship to be made available for this purpose);

(b) use the full analysis method, determining the deviations with reference to—

(i) the magnetic bearing of a distant object, or

(ii) pre-computed bearings of a heavenly body at the discretion of the examiner; and

(c) adjust the compass by the deflector method at the discretion of the examiner.

Minister of Transport.

van droë rose, foutiewe kompashuise, sfere te hoog of te laag, Flindersstaaf die foutiewe hoogte, bakke nie vry in beuels nie, foutiewe hellingsfouttoestande en hoe sulke foute gehanteer moet word;

(b) kandidate in staat moet wees om aan te toon hoe 'n massa sagte yster gemagnetiseer sal word terwyl dit in die aarde se magnetiese veld lê in verskillende wêrelddele of terwyl dit onder die invloed van permanente magnete is;

(c) kandidate 'n kennis moet hê van die verskillende metodes om peilings te maak en 'n pelorus en 'n asimutspieël te gebruik en te toets;

(d) praktiese toetse ook vereis kan word oor sake soos veilige afstande van toerusting in die omgewing van die kompas, bv. elektriese stuuraanwysers, skeepsroepers, staaltenke en elektriese aarding; die gebruik van die Kelvin-deflektor in kompasstelling; die gebruik van die ossillerende magnetometer om λ (lambda) te vind; die verhouding tussen 'n gesagvoerder (of loods) en die steller;

(e) die eksaminator enige ander vrae kan vra wat hy nodig ag en wat voortspruit uit die geskrewe deel van die eksamen.

(4) **In die praktiese deel van die eksamen moet die kandidaat—**

(a) die stel van 'n skip se magnetiese kompas uitvoer in die teenwoordigheid van die eksaminator, wat die instelmetode en die akkuraatheid van die resultate sal monitor (L.W.: Die kandidaat mag die hulp van die eksaminator inroep om te reël dat 'n geskikte skip vir hierdie doel beskikbaar gestel word);

(b) die volle analisemetode gebruik en die afwykings bepaal met verwysing na—

(i) die magnetiese peiling van 'n ver geleë voorwerp; of

(ii) voorafberekende peilings van 'n hemelliggaam na goeddunke van die eksaminator; en

(c) die kompas deur die deflektormetode stel, na goeddunke van die eksaminator.

Minister van Vervoer.

ANNEXURE I

DEPARTMENT OF TRANSPORT

SHIPPING DIRECTORATE

LICENCE AS A COMPASS ADJUSTER (RESTRICTED)

Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended

No. .....

To:

.....

Whereas you have satisfied all the requirements prescribed by law for the granting to you of a Licence as a Compass Adjuster (Restricted), this licence is granted to you in terms of the Examination and Licensing of Compass Adjusters Regulations, 1991.

Dated at Pretoria this ..... day of .....19.....

.....

for MINISTER OF TRANSPORT

Note: The holder of this licence is approved to adjust the compasses of vessels having the hull or superstructure constructed of non-ferrous materials, or of vessels having the hull or superstructure constructed of ferrous materials and engaged in voyages having a change in magnetic latitude of less than 10 degrees.

[reverse of Licence (Restricted)]

Personal particulars of holder:

Height (metres)	Colour of eyes	Colour of hair	Date of birth	Place of birth

Personal marks or peculiarities

(attached passport type photograph)

Certificate of competency:

Grade/Class	No.	Date of issue	Place of issue

ANNEXURE II

DEPARTMENT OF TRANSPORT

SHIPPING DIRECTORATE

LICENCE AS A COMPASS ADJUSTER (UNRESTRICTED)

Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended

No. .....

To:

.....

Whereas you have satisfied all the requirements prescribed by law for the granting to you of a Licence as Compass Adjuster (Unrestricted), this licence is granted to you in terms of the Examination and Licensing of Compass Adjusters Regulations, 1991.

Dated at Pretoria this .....day of.....19.....

.....

for MINISTER OF TRANSPORT

Note: The holder of this licence is approved to adjust the compasses of any vessel engaged in voyages of any description.

[reverse of Licence (Unrestricted)]

Personal particulars of holder:

Height (metres)	Colour of eyes	Colour of hair	Date of birth	Place of birth

Personal marks or peculiarities	(attached passport type photograph)

Certificate of competency:

Grade/Class	No.	Date of issue	Place of issue

AANHANGSEL I

DEPARTEMENT VAN VERVOER

DIREKTORAAT SKEEPVAART

KOMPASSTELLERSLISENSIE (BEPERK)

Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig

No. .....

Aan:

.....

Nademaal u voldoen het aan al die vereistes voorgeskryf by wet vir die uitreiking aan u van 'n Kompasstellerslisensie (Beperk), word hierdie lisensie aan u uitgereik kragtens die Regulasies vir die Eksaminering en Lisensiëring van Kompasstellers, 1991.

Gedateer te Pretoria op hede die ..... dag van .....19.....

.....

vir MINISTER VAN VERVOER

Nota: Die houer van hierdie lisensie is goedgekeur om die kompasse te stel van vaartuie waarvan die romp of bobou van nie-ferromateriaal gebou is, of van vaartuie waarvan die romp of bobou van ferromaterial gebou is wat seereise met 'n verandering in magnetiese breedtegraad van minder as 10 grade onderneem.

[keersy van Lisensie (Beperk)]

Persoonlike besonderhede van houer:

Lengte (meter)	Kleur van oë	Kleur van hare	Geboortedatum	Geboorteplek

Persoonlike merke of kenmerkende besonderhede

(aangehegte paspoorttipe foto)

Bekwaamheidsertifikaat:

Graad/Klas	No.	Datum van uitreiking	Plek van uitreiking

AANHANGSEL II

DEPARTEMENT VAN VERVOER

DIREKTORAAT SKEEPVAART

KOMPASSTELLERSLISENSIE (ONBEPERK)

Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig

No. .....

Aan:

.....

Nademaal u voldoen het aan al die vereistes voorgeskryf by wet vir die uitreiking, aan u van 'n Kompasstellerslisensie (Onbeperk), word hierdie lisensie aan u uitgereik kragtens die Regulasies vir die Eksaminering en Lisensiëring van Kompasstellers, 1991.

Gedateer te Pretoria op hede ..... die ..... dag van ..... 19.....

.....

vir MINISTER VAN VERVOER

Nota: Die houer van hierdie lisensie is goedgekeur om die kompasse te stel van 'n vaartuig wat enige seereis hoegenaamd onderneem.

[keersy van Lisensie (Onbeperk)]

Persoonlike besonderhede van houer:

Lengte (meter)	Kleur van oë	Kleur van hare	Geboortedatum	Geboorteplek

Persoonlike merke of kenmerkende besonderhede	(aangehegte paspoorttipe foto)

Bekwaamheidsertifikaat:

Graad/Klas	No.	Datum van uitreiking	Plek van uitreiking

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	GOVERNMENT NOTICE		
Transport, Department of			
Government Notice			
R. 127	Merchant Shipping Act (57/1951): Examination and Licensing of Compass Adjusters Regulations, 1991	1	12992

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	GOEWERMENTSKENNISGEWING		
Vervoer, Departement van			
Goewermentskennisgewing			
R. 127	Handelskeepvaartwet (57/1951): Regulasies vir die Eksaminering en Lisensiëring van Kompasstellers, 1991.....	1	12992

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 x 267 or 269

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 x 267 of 269